Angela McClelland

From: SA Press Cuttings [admin@sapresscuttings.co.za]
To: angela@ste.co.za
Subject: http://www.news24.com/Die_Burger/Boeke/0,5824,4-251_1682563,00.html

S.A. PRESS CUTTINGS

SA PRESS CUTTINGS
TEST ..... TEST PAGE .... TEST

Goeie medisyne vir SA se amnesie

Danny Titus 30/03/2005 07:43 - (SA)

TIMOL -- A QUEST FOR JUSTICE, deur
Imtiaz Cajee. **STE Publishers**, Johannesburg, 2005. (Sagteband, 200 bladsye, ISBN 1 919855 40 8, R135.)

DIE naam Ahmed Timol is met respek en eerbied aangehoor in byna elke politieke gedenkdiens sedert sy dood. Ek onthou die skerp, deurdringende klanke van 'n sagte fluitspel by een van dié dienste. Timol het toe die wreedheid van die apartheidstaat by 'n ieder en 'n elk tuisgebring. Dié staat was toe in volle glorie besig om sy magswellus te ontplooi. Die suiweringsproses van apartheid was voltooi, die weerstand van die ANC en ander organisasies die nek ingeslaan, en nou was dit die veiligheidswetgewing en die veiligheidspolisie wat die stelsel in stand moes hou. Die weerstand deur mense soos Timol is nie geduld nie. Hy en andere het te vierkant in die weg van die regering se meesterplan gestaan.

Met Timol -- A Quest for Justice bring Imtiaz Cajee ons die verhaal van Timol, van wie en wat hy was. Hy vra, indien nie spesifieke vergelding nie, ten minste iets van 'n regstelling vir die onreg wat sy oom aangedoen is. Die ANC het in 1971 ná die dood amptelik onderneem om die moord te wreek. Daardie woorde, sê Cajee, bly hom by, ondanks al die kleurryke gepraat van versoening.

Die skrywer was vyf jaar oud toe sy oom Ahmed gesterf het. Deur die boek wil hy Timol terugeis, terugbring in die nuwe Suid-Afrika. Hoewel hy so na aan Timol staan, en ten spyte van die emosionele grepe , slaag hy daarin om die leser meer te laat verstaan van wie Timol eintlik was: 'n menseregte-aktivis sonder weerga, toegewyd en doeigerig, ondergronds.

Pres. Thabo Mbeki skryf in die voorwoord dat hy en Timol letterlik kamerade was, oortuig in die stryd teen ongeregtigheid. Hulle het in die sestigerjare saam in Moskou

Blokraaisel
Nuusvasvra
... Nuus
TygerBurger
MetroBurger
Helderberg
Paarl Post
Eikestadnuus
Worcester Standard
Hermanus Times
UD Nuus
Algemene Navrae
Adverteer in Die Burger
Briewe aan Die Burger
Huisaflewering en Sirkulasie
Klagtes (Ombudsman)
e-pos die webredaksie
Nuuswenke
Die Burger e-pos adresse
Gebruiksooreenkoms

ONS FOTO'S BY: www.foto24.co.za

politieke onderrig ontvang, dieselfde kos geëet, saam gebibber in daardie koue plek, en hulle saam laat verwarm deur hul revolusionêre strewes. Dan praat die president van Timol die Afrikaan en sy geboortereg op Suid-Afrika. Hyborduur voort op die rol van die Indiër-gemeenskap as deel van die Afrika-werklikheid.

Timol se ideaal van 'n nie-rassige Suid-Afrika kry beslag in 'n aanhaling van die Wes-Indiese eerste minister Eric Williams: "There can be no Mother India for those whose ancestors come from India. There can be no Mother Africa for those of African origin. There can be no Mother England and no dual loyalties. There can be no Mother China even if one could agree as to which China is the mother; . . . A nation, like an individual, can have only one mother, and Mother cannot discriminate between her children."

In die geregtelike ondersoek is bevind dat Timol selfmoord gepleeg het. Moord is absurd, het landdros De Villiers bevind, want Timol was 'n te waardevolle vonds vir die veiligheidspolisie. Dat hy by die venster uitgeval het, is net so absurd, en die enigste afleiding is dat hy self uit gespring het -- aldus die bevinding. Nee, sê Salim Essop, een van Timol se mede-aangehoudenes, die marteling van Timol was so erg dat hy verskeie kere inmekaargesak het en op 'n bepaalde punt gesterf het. Eers toe Timol dood was, het die polisie se paniek begin. Mohamed Khan, 'n begrafnisondernemer, is deur die polisie na die Hillbrow-lykhuis gebring toe Timol se lyk nog vars was. Timol se een oog was uit sy kas, sy liggaam vol blou merke, sy naels verwyder, en hy had brandmerke oral aan sy liggaam.

Die boek bevat ook Chris van Wyk se bekende gedig oor aanhouding sonder verhoor. Van Wyk bespot die veiligheidspolisie en hul verduidelikings: Hy het van die negende verdieping geval, homself opgehang, op 'n stukkie seep gegly terwyl hy hom gewas het, was h?l weergawe. Maar, vra Van Wyk, het hy nie dalk homself opgehang terwyl hy hom gewas het nie; of van die negende verdieping gegly; of gehang van die negende verdieping; of gegly van die negende verdieping terwyl hy hom gewas het?

Wat het werklik gebeur? vra Cajee. Die Waarheid-en-versoeningskommissie was vol waardering vir veral die moed van mev. Timol om haar verhaal te vertel. Maar die belofte en verwagting van 'n ondersoek het leeg gebly. Die WVK was vir die familie Timol 'n groot teleurstelling, skryf Cajee. Solank nie teen drie van die beweerde oortreders opgetree word nie, en hulle rustig met hul lewe kan aangaan, kan die veel gevraagde afsluiting nie vir die familie geskied nie.

Tien jaar ná die koms van demokrasie na SuidAfrika, en meer as 30 jaar ná die dood van Timol, kom hierdie boek nie 'n dag te vroeg nie. Dit maak nie net 'n venster oop op waar Suid-Afrika vandaan kom nie; dit toon presies waar ons vandag staan. Timol -- A Quest for Justice het nie net vir regstudente waarde nie. Hul dosente sal hopelik die waarde kan inskat. Die Suid-Afrikaanse amnesie of doelbewuste verdowing is steeds baie sterk. Dit lyk of ons samelewing nie van sulke wreedhede wil hoor nie; vergeet of verdoof is soveel makliker. Miskien kan die boek 'n beskeie verskil maak . . Danny Titus is 'n professor aan die Universiteit van Suid-Afrika se kollege vir regte.REAKSIES op boeke en/of resensies en boekenuus kan gestuur word aan Gerrit Brand, boekeredakteur van Die Burger , Posbus 692, Kaapstad 8000. Die faksnommer vir bydraes is 0 021 406 3964. Enige boeke-inligting kan ook per e-pos na kuns@dieburger.com gestuur word.

-- Top stories in this category --

Print |